

# KOERSVAS

Jaargang 7      Uitgawe 147 19 Oktober 2018

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings

## REDAKSIONEEL

### AGT JAAR LATER...

Seker die beste posisie om die verlede vanuit te kan beoordeel, is die kalmte en insig wat die verloop van tyd bring. Hierdie maand is dit reeds 'n volle agt jaar sedert die berugte politieke, leuenagtige en ketterse "Besluit 54" deur die NHKA tydens die 69e Algemene Kerkvergadering van 2010 geneem is. Andries van Aarde (én die *World Alliance of Reformed Churches*) se theologiese dwaling (een van báie!) en sy vooraf beplande leuen daarin, staan steeds as 'n hoeksteen waarop die NHKA daarna sou voortbou. Ernest van Eck se belofte dat die aanvaarding van Besluit 54 die NHKA in 'n gunstige posisie sou plaas om kragdadig teenoor die owerheid te getuig oor al die onreg en korruksie in die land, blyk so hol en leeg te wees soos die geloofsintegriteit van die Teologiese Fakulteit.

Die pynlik-akkurate "Staat van Belydenis" waarin die steedsHervormers die NHKA geplaas het oor al die dwaalleer in die Kerk, is soos alle besware van die verlede, behendig onder die mat ingevee om versmoor te word in die winterstof van evangeliiese ongeërgdheid. En só laat dit 'n groot aantal besorgde Bondsgelowiges wat



tevergeefs daarvoor wag dat die eens-geliefde moederkerk haarself sal bekeer sodat die naïewe gelowiges daarbinne nie van die geleentheid om deur die ware Evangelie gered te kan word, ontneem sal word nie.

En dan die ellelange lys van oneerlikhede wat daarna gepleeg is deur mense soos Daan van Wyk jr., Frikkie Labuschagne, Joel Fourie, Barry van Wyk en hans-lammertjies soos Gerhard Lindeque, Fred Paynter, Henk Joubert, Nardus Enslin, Hennie Nel, WP Prinsloo ...om maar net 'n paar te noem: Blatante leuens, aanhitsing om die leuen goed te keur, valse eedsverklarings in die Naam van die Drie-Enige God, verkragting van die Kerkorde, ensovoorts. Die gemak waarmee hierdie oneerlikhede gepleeg is en onaangespreek gelaat is, laat 'n mens steeds wonder waarom die versoek dat stemme per stembriefie tydens 2010 se AKV en 2011 se buitengewone AKV uitgebring moes word, eenvoudig van die hand gewys is en voortgegaan is met 'n fisies-on-ouditeerbare elektroniese stem-proses.

Die opeenvolgende Kommissies van die AKV is/was almal bewus van hierdie oneerlikhede – sommige lede aandadig daaraan - en het tot nou toe absoluut niks

gedoen om hulle eie integriteit of dié van die NHKA te probeer herstel of red nie.

Ontslae van die konkelaar Johan Buitendag se “Rightwingers”, het die theologiese vergrype binne die NHKA teen die spoed van weerlig geëskaleer: Dieselfde-geslag huwelike word bevestig, dis aanvaarbaar om te glo dat Jesus nie uit ‘n maagd gebore is nie, dat Hy nie God se fisiese Seun is nie, geen wonderwerke gedoen het nie, nie opgestaan het uit die dood óf opgevaar het na die Hemel nie, dat daar géén Oordeelsdag, géén Ewige Lewe in die Hemel of in die Hel is nie – álles in stryd met die Bybel en die Belydenisskrifte. En dan die klaarblyklike en absurde besluite van die Kommissie wat ‘n mens tot histeriese verstomming dryf: Bonds predikante wat 100% aan die Bybelse waarhede vashou, mag nie NHKA-kansels betree nie! Die dreigement dat lidmate wat aan Bondsgemeentes behoort, van vooraf sal moet katkiseer en óór Belydenis van Geloof sal moet aflê; indien hulle eendag weer by ‘n NHKA-gemeente sou wou inskakel! Dat die Doop wat deur Skrif getroue Bonds predikante bedien word, ongeldig is!

Het ‘n deel van dié NHKA nie dalk, saam met ‘n deel van die NG-Kerk, God Drie-Enig se #1 vyand in Suid-Afrika geword nie? (‘n Mens kan verstaan waarom sommige NHKA-teoloë, predikante, ampsdraers en lidmate eenvoudig nie kan bekostig om te glo dat daar ‘n Oordeelsdag gaan wees nie!)

Terwyl dit wat hierbo gesê is, feitlik korrek is, is dit ook waar dat die oorgrote deel van die NHKA se predikante dit van hulle gemeentes weerhou, feitlike inligting hieroor as vals en kwaadwillige leuens

afmaak, en die Geloofsbond as ‘n klomp rassiste uitkryt.

Seker die mees bevrydende deel van onafhanklik wees, lê in die ruimte om vrylik en met vreugde Bybelse teologie onder mekaar te kan beoefen, en natuurlik ook die bevryding van die evangelies-versmorende sinodale heffings en die siek hiérargiese struktuur van die aanbidding van die geldgod en ‘n obsessie met aansien, status en mag... álles behálwe ‘n passie vir die Evangelie! Kan/wil die NHKA nog die Kerk van Christus wees? Het hulle nog ‘n Reformatoriële passie om die suiwer Bybelse evangelie ten alle koste te beskerm?

Op terugskoue besef ‘n mens watter sielkundige swaard die NHKA geskep het deur die absolute wurggreep wat die Kommissie en die dosente op die totale NHKA verkry het. Dit was selde die beste kandidate wat in doseer-poste aangestel is, want die maatstaf was nie uitnemendheid nie, maar Broederbond-lidmaatskap en liberale oortuigings. En hoe belangrik het dit nie hierdie onbevoegde mensies gemaak nie! Ook hoe die sinodale poste en vergoeding nie gesny word nie, maar dat die groeiende aantal sukkelende gemeentes gedwing word om hulle predikante se vergoeding te verminder sodat hulle hulle sinodale heffings éérste kan betaal, selfs al beteken dit dat hulle predikante uit diens gestel moet word. Nou is tale kollegas binne die NHKA verstom dat “pen-pushers” (aktetas-mannetjies) soos Frikkie en Wouter met amperse absolute mag beklee is om finale besluite oor bykans alles binne die NHKA te neem.

Die wonderlike bevryding onder Geloofs bondslede, is dat ons nie getalle najaag nie, maar absoluut jaloers is op die behoud en bevordering van die Evangeliese waarhede. Daarvoor is ons ons Hemelse Vader oneindig dankbaar!

Ds Gawie Wolmarans, Die Wilge-Potchefstroom.

## **BERIGTE EN KENNISGEWINGS BESTUURSVERGADERING**

Die Bestuurskomitee het op Vrydag 12 Oktober 2018 te Grootvlei vergader. By hierdie vergadering is die notule van die Pietersburg Bondsvergadering hanteer en goedgekeur. Die notule sal eersdaags aan gemeentes gestuur word.

### **VOLKSHULP2000**

Die algemene jaarvergadering van Volks-hulp2000 het plaasvind op 6 Oktober 2018 vanaf 10:00. By die geleentheid is ouderling Jaco de Ridder tot voorzitter verkies en ds. Johan van Wyk is tot die komitee gekoöpteer.

### **GELOOFSBONDPREKE**

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na <http://www.geloofsbond.org.za/> Daar is ook weekliks nuwe preke op whatsapp beskikbaar. Kontak Ella Joubert by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preek-whatsapp groep** voeg.

### **LEWENSBROOD 2019-2020**

Gemeentes moet kennis neem dat dit tyd is om hulle bestellings vir die volgende jaar se boek te plaas. Persone wat nie in 'n Bondsgemeente is nie, kan direk met Ella

skakel [ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com) om bestellings te plaas.

- \* Ons versoek u ook vriendelik om kontant by bestelling te handhaaf. Prys **R120** per eksemplaar.

- \* Dit beteken dat u 31 sent per dag betaal vir gehalte oordenkings.

- \* Onthou, dit is 'n goeie kersgeskenk.

**Bestellings word afgehandel teen  
27 Oktober 2018.**

### **PROF SCHALK BOTHA**

Die redaksie het met leedwese kennis geneem van die afsterwe van prof Botha, lidmaat van Grootvlei gemeente. Ons innige meegevoel aan Tannie Babsie en die gesin. Die troosdiens sal op Vrydag 26 Oktober 2018 om 11:30 vanuit die kerk op Grootvlei geskied.

### **DS PARKIN - OTTOSDAL**

Ds. Johan Parkin van Ottosdal se vrou, Denise, is siek met kanker. Haar situasie het intussen vererger.

Ons meelewings gaan met die gesin in hierdie tyd.

### **DS VISSER - OOSTELIKE PIETERSBURG**

Ds Faan Visser van Oostelike Pietersburg het 'n terugslag beleef, maar is nou besig om te herstel. Ons bid hom sterkte en beterskap toe.

### **DS RAUTENBACH - STILFONTEIN**

Ds Rautenbach gaan binnekort vir 'n knievervanging. Ons bid hom en sy gesin sterkte toe.

## VAKATURE - FINKOM BEAMPTE



### POSBESKRYWING:

'n Vakature vir 'n Finansiële Beampte het by **Meyerspark Hervormde Kerk** in die ooste van Pretoria, ontstaan. Die pos is beskikbaar vanaf 1 November 2018, vir oorhandiging op 30 November 2018.

Daar word van die suksesvolle applikant verwag om die volgende te doen:

Volledige boekhouding (tot proefbalans) en bankstaat rekonsiliasie op Pastel Express 14

Volledige salarisrol administrasie en statutêre indienings, betalings en vereistes

Hantering, teboekstelling, rekonsiliasie en bank van alle kontant, en tel van deurkollekte saam met diakens.

Bestuur en rekonsiliasie van die kantoor se kleinkas. Voorlegging van maandelikse finansiële state vir goedkeuring deur die Finansiële kommissie.

Bywoning van maandelikse Finansiële Kommissie vergaderings, en neem van notule in die afwesigheid van die skriba.

Byhou van gemeentelike bydraes per lidmaat en wyk, en skakeling met betrokke Kerkraadslede.

Rekonsiliasie van debietorders en kredietkaartbetalings.

Indiening en administrasie van versekeringsseise.

Beleggingsadministrasie.

Jaarlikse indiening van brondokumente en finansiële rekords vir ouditering.

Jaarlikse indiening van geouditeerde finansiële state by SARS (TEU).

Betaal van alle MCV rekeninge .

Aankoop van kos vir behoeftige persone namens 'SHINE', ons barmhartigheidsdiens.

Veilige bewaring van alle finansiële data, elektronies en andersins.

Beskikbaarheid na eredienste op Sondae in die kantoor.

Aflos van Administratiewe Beampte tydens verlof, siekte of buitegewone omstandighede. Op hoogte bly

van Admin Beampte se pligte.

Dit is 'n 5/8 dag pos : Ma tot Vry vanaf 08:00 tot 13:00, sonder etenstyd.

### VEREISTES:

- \* Tertiêre rekenkundige kwalifikasie, ten minste 'n sertifikaat in boekhouding en algemene rekeningkunde

- \* Sertifikaat in salarisrol – administrasie en grondige kennis en ondervinding van statutêre salarisrolvereistes

- \* Grondige kennis van Pastel Express 14

- \* Grondige kennis van Pastel VIP Payroll

- \* Microsoft Excel

### AANSOEK:

U Curriculum Vitae met volledige kontakbesonderhede kan aan die kantoor gestuur word via e-pos ([hkm@geloofsbond.org.za](mailto:hkm@geloofsbond.org.za)), of u kan dit direk by die kantoor indien. Kerkkantoor: 012 803 7528 / 071 889 2175

## WANNEER ONS DAN BID

Die artikels wat die "Onse Vader" verklaar (soos in Die Skietlood gepubliseer) is verwerk na 'n handige boek. Dit sal gelowiges begelei in hul gebedslewe en kan dien as handige instrument vir Bybelstudie. Vir meer besonderhede en bestellings kontak Dr Otto by

[johan.otto@geloofsbond.org.za](mailto:johan.otto@geloofsbond.org.za)

## OORNAG FASILITEITE

### Villa Stoney B+B

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !

Slegs 5 km van die Zambezi Tolhek

- naby hospitaal en besighede-

Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar in gemeubileerde kamers

Etes en wasgoed op afspraak

Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by

### Villa Stoney

Naby genoeg aan Cullinan. Bespreek betyds vir die 2019 Bondsvergadering. Kontak Ina Steenkamp vir navrae en besprekings 0829082831 [auri@mweb.co.za](mailto:auri@mweb.co.za).

**DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:


- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke

➤ Dames Kwitansieboeke

➤ Konsistorie boeke

➤ Reklame plakkate en ander drukwerk

**ella@teamworkprinters.com**



R 120 per eksemplaar. Bestellings by [zyvetto@gmail.com](mailto:zyvetto@gmail.com) of  
[johan.otto@geloofsbond.org.za](mailto:johan.otto@geloofsbond.org.za)